

1 November

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-24

Die Here is altyd by ons

Die wonder van die Evangelie is dat die Here na ons toe kom en by ons woon (vers 23). 'n Gelowige is nooit sonder God nie. Jesus het die Heilige Gees gestuur soos Hy in vers 16, 17 beloof het (lees Hand 1:8 en 2:1-4). Hy is ewig by ons. Daarvan is jy seker omdat jy elke dag van God onthou, Hom ken en in Hom glo. Jesus beskryf die Heilige Gees as ons Voorspraak. Hierdie woord verwys na iemand wat jou belange verteenwoordig en beskerm en wat jou vertroos wanneer jy dink dat sake teen jou draai en wat jou help om die regte besluite te neem. Só is die Gees by ons. Maar nie net die Gees nie, die Drie-enige God is so by ons (vers 23). Hierdie voorreg is iets wat net die gelowiges beleef. Want jou liefde vir God, en dus jou geloof in God en in Jesus Christus, is die enigste manier hoe jy die sekerheid kan hê dat die Here so by jou woon. Ons het alle rede om God te dank vir hierdie wonderlike voorreg wat ons het dat Hy so by ons woon. Omdat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het, staan hierdie feit vas. Onthou dit vandag wanneer jy dalk siek of alleen voel, of dalk wanneer jy oor ander mense (jou kinders of jou ouers of familie of vriende) bekommerd is. God is by jou en by hulle. Hy lei en vertroos ons almal. Hy het na ons toe gekom in sy wonderlike liefde wat in Christus bewys is.

Sing: Psalm 43:3

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)